



**NUUSBRIEF VAN DIE SA VERENIGING VIR KULTUURGESKIEDENIS
NEWSLETTER OF THE SA SOCIETY FOR CULTURAL HISTORY**

JG 34, NR 1
VOL 34, NO 1

August 2017
Augustus 2017

NEWS/NUUS

Die SAVK se jaarlikse nasionale kongres en algemene jaarvergadering het vanaf 1-2 September 2017 in die karoodorp Graaff-Reinet plaasgevind. 'n Woord van dank aan almal wat tyd en energie ingesit het om die kongres te reël, veral ons Voorsitter Prof Matilda Burden. Haar verslag van die kongres is as volg:

Spring surprised us by actually turning up and presenting us with two beautiful, warm days. The host town is known for its fascinating history, beautiful architecture and a number of legendary local people who had contributed to the history and cultural scene of South Africa – therefore a very worthy venue for a cultural history conference.

The event was attended by 30 people, mostly members of the SASCH and a few other interested locals. The host for the venue was the Graaff-Reinet Museum, who received us in a most hospitable and friendly way. The South African Society for Cultural History would like to convey our sincere gratitude to the manager of the museum, Anziske Kayster, her co-organiser, Ansie Malherbe and their team of helpers. The two leaders of the excursions, Peter Whitfield and David McNoughton, also deserve our appreciation for their excellent guided tours through, respectively, the streets of Graaff-Reinet and the Valley of Desolation.

Die referate wat by die kongres gelewer is, was van hoë gehalte en buitengewoon stimulerend. Tipies van 'n kultuurgeskiedenis-kongres kan daar bygevoeg word dat dit ook uiters interessant was en selfs ons jongste kongresganger wat 13 jaar oud was, se aandag gehou het! Die temas het drie kategorieë gedek, naamlik individue van Graaff-Reinet (Anton Rupert, Anna Neethling-Pohl, Robert Sobukwe en Karl Bremer), algemene geskiedenis van die dorp en omgewing (die eerste blanke nedersetters noord van die Sneeuberge en hulle onderhandelinge met die owerhede in Graaff-Reinet, die spoorweg na Graaff-Reinet, kultuurskatte in die Graaff-Reinet Museum, en toerisme in Graaff-Reinet), en laastens 'n ope afdeling waarin temas soos argeologie by die Oosfort in Pretoria, die invloed van slawe op die ontwikkeling van Afrikaans, rotskuns in die Vrededorp-koepel en die bewusmaking en dokumentering van erfenis in Louis Trichardt en omgewing aangespreek is.

Die uitstappies was opwindend en interessant, en die kongresdinee Vrydagaand was 'n heerlike geleentheid om te gesels, nuwe kontakte op te bou en baie lekker te eet!

Ook 'n besondere dank aan Prof. Elize van Eeden (NWU Vaaldriehoekcampus), die Redakteur van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis en haar span medewerkers vir die nuutste uitgawe van ons tydskrif.

Soos die meeste van ons lede reeds weet, is die naam van ons nuusbrieff **sonnerad** afgelei van die Duitse woord *sonnenrad* wat **sonwiel** beteken. Ek het *google* gebruik en op verskeie betekenisse afgekom. Die betekenis en simboliek wat vir my betrekking het op ons kultuurvereniging is die van Catherine Beyer.¹ She stated that sun symbols commonly represent triumph, life and goodness, and those with central points to them often represent unity and centrality as well.

May this newsletter spread some positive energy – life, goodness and unity – in our South African Society for Culture History.

Claudia Gouws

NUUS UIT DIE RAAD

Die lede van die raad is soos volg:

Voorsitter:	Matilda Burden (Stellenbosch)	mb4@sun.ac.za	082 771 8278
Ondervoorsitter:	Marianna Botes (Bloemfontein)	mbotes@nasmus.co.za	083 264 2710
Sekretaris:	Petra Luus (Pretoria)	petra@es.org.za	012 325 7885
Ledesekretaris:	Celeste Rossouw (Pietermaritzburg)	celrossouw@gmail.com	082 392 0495
Tesourier:	Leonie Marais-Botes (Pretoria)	leoniembotes@gmail.com	082 576 6253
Tydskrif-redakteur:	Elize van Eeden (Pretoria)	Elize.VanEeden@nwu.ac.za	082 752 8839
Akkrediasie:	Anton van Vollenhoven (Pretoria)	antonv@archaetnos.co.za	083 291 6104
Sonnerad-redakteur	Claudia Gouws (Vereeniging)	claudiagws@mweb.co.za	079 4666 207
Suidelike Streektak:	Annemarie van Zyl (Wellington)	ammievanzyl@cornergate.com	083 230 6911
Argivaris:	Nandor Sarkady (Pretoria)	argief@nhk.co.za	072 365 5078
Addisionele lede:	Alana Bailey (Pretoria)	alana@afriforum.co.za	086 102 0030
	Annemarie Carelsen (Pretoria)	acarelsen@gmail.com	082 808 0529
	Estelle Pretorius (Pretoria)	navorsing@es.org.za	084 337 9505

¹ C Beyer, <https://www.thoughtco.com/black-sun-95987>, 29082017.

HERITAGE AND MUSEUM NEWS/ERFENIS EN MUSEUMNUUS

The Voortrekker Monument in Pretoria has a lot of good news to share with us.

The Monument was Beeld readers' first choice as *the best Monument out of four provinces for 2017* and they received the Readers' Choice Platinum certificate in July 2017.

To add to this, the annual Springbok Vasbyt race took place on 15 July. This year homage was paid to Wijnand Hamman (Vic), who died on April 12, 1917 at Fampoux in France during the First World War. 2 500 runners took part in the race.

Die jaarlikse gholfdag het voorts op Dinsdag, 25 Julie by die Woodhill Gholfklub met 88 spelers plaasgevind en die bedrag van R42 000 is met die items op die veiling gemaak.

Daarby was die antiek- & versamelaarsmark op 9 Augustus op die dak van die groot amfiteater soos in die verlede 'n reuse sukses.

Die bekende kunstenaar, Eric Bolsmann van Pretoria, het vir die monument 'n skildery gemaak om die 80ste gedenkjaar van die hoeksteenlegging (2018) te herdenk. Dit is tans te koop op 'n Bedekte Bod wat op 25 Augustus ten einde loop. Indien u sou belangstel, gaan na die volgende skakel om u bod te plaas: www.vtm.org.za/bedekte-bod-eric-bolsman-skildery/. Om 'n vriend van die Voortrekker Monument te word, stuur u e-posadres aan Cecilia Kruger by bemarking@vtm.org.za.

Ongeveer 250 argeoloë, museumkundiges, studente en ander belangstellendes, het van 5-7 Julie 2017 die tweejaarlikse kongres van die Vereniging van Suider-Afrika Professionele Argeoloë by die Universiteit van Pretoria bygewoon. Annie Antonites, Senior Navorsers by die Erfenisstigting het 'n referaat oor voedselvoorsiening by terreine in die Laeveld waar sout al vir die afgelope 2000 jaar gemaak word gelewer, asook 'n referaat rakende die gebruik van been-skoffelpikke tydens die 11de – 13de eeu n.C. in die Limpopo Provinsie. Vir belangstellendes in plaaslike argeologie, kan Annie Antonites snrnavors@es.org.za gekontak word, of besoek die volgende webtuistes: www.archaeologysa.co.za die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging; en www.asapa.co.za die Vereniging vir Suider-Afrika Professionele Argeoloë.

Ons het verder verneem dat die Nederduitsch Hervormde Kerkargief na die Erfenisstigting (ES) skuif. Die Komitee vir die Argief en Biblioteek het met dankbaarheid en waardering kennis geneem van die besluit deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering om die Kerk se Argief in fasiliteite van die (ES) in te ruim. Hierdie besluit is die vrug van verskeie vergaderings en gesprekke tussen die Argiefkomitee, die Vyfmankomitee en personeel van die ES. Die Kerk se Argivaris, Nándor Sarkady, het reeds met personeel van die ES vergader ten einde die verhuising van die Argief te koördineer. Tereg is dit 'n delikate proses wat met omsigtigheid en professionaliteit uitgevoer moet word, maar in die persoon van mnr. Sarkady en met die hulp en steun van die ES se personeel onder leiding van Cecilia Kruger, besturende direkteur, is die Komitee daarvan oortuig dat die verhuising met sorg sal geskied. Hierdie verhuising lui 'n

nuwe toekoms vir die Argief in, geskoei op 'n bewaringsvennootskap tussen bewaringsgesindes. Die NHK se argief behoort van Februarie 2018 af vir navorsers beskikbaar te wees. Uit: blitspos@nhk 10(18), 15 Junie 2017.

Die Erfenis Stigting het voorts die volgende inligting verskaf insake hulle samewerking met die Eugène Marais Stigting. Dit het betrekking op die ou skoolwerf van die *Paarl Public School for Boys* wat op een van die min onversteurde oop erf in die middel van die ou Paarl geleë is. Die werf is aangrensend tot die Zomerlust Gastehuis, eertydse herehuis van die De Villiers-familie wat die plaas Zomerlust in die 19de eeu tot en met die vroeë 1990's besit het. Volgens die ES is hulle deur die Eugène Marais Stigting (EMS) genader om 'n argeologiese verkenningsopname van die ou skoolwerf te maak, om te bepaal of dié stukkie grond 'n bydrae kan lewer tot die ryke geskiedenis van 19de-eeuse Paarl d.m.v. historiese argeologiese ondersoeke. Die verbintenis van die skoolwerf met Eugène Marais mag moontlik ook verder uitgebrei word, veral as die argeologiese opname sensitief gedoen word binne die doelstellings van die EMS, en dié instelling se meer as 40 geïdentifiseerde temas. Besoek www.eugene-marais.org.za vir meer inligting oor die Eugène Marais Stigting.



Koshuis en meesterskwartiere van die Paarl Public School for Boys (ES)

KORT KURSUSSE OOR KULTUUR EN ERFENIS

Prof Matilda Burden, dosent in kultuurgeskiedenis, erfeniskonsultant, museumkundige, navorser en spreker bied die afgelope nege jaar kort kursusse aan deur die Universiteitsmuseum van Stellenbosch. Die kursusse handel oor 'n verskeidenheid van

onderwerpe binne die veld van kultuur en erfenis, soos: inleiding tot museumkunde; erfenisbewaring; argitektuurstyle; meubelkunde; en piktorale africana. Dié kursusse is geakkrediteer en kandidate sal sertifikate van bywoning of bevoegdheid ontvang. Die duur daarvan is drie dae (15 uur) per kursus. Indien u belangstel om een van die kursusse in u omgewing te huisves, kontak Matilda Burden by mb4@sun.ac.za.

SUKSESVOLLE PROJEKTE


The Heritage Foundation (**Erfenisstigting**) celebrated Women's Day on 9 August 2017 at the Blikkantien (Voortrekker Monument) with a light lunch with Gerrie Jordaan (guest speaker), Lee Friend-Blignaut (music) and Erika van Zyl (art exhibition).

Neem asb. kennis van die indeksering van tydskrifreeks wat op die webtuiste van die SAVK beskikbaar is

1. Die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis/South African Journal of Cultural History* is geïndekseer vanaf 1(1), Januarie 1984 tot 29(2), Desember 2015 (547 artikels). Hierdie tydskrif is geakkrediteer (artikels verdien dus staatsubsidie) en bevat vakwetenskaplike artikels wat deur 'n eweknie-beoordelings-proses gegaan het.
2. Die *Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal* is geïndekseer vanaf 1(1), Augustus 1944 tot en met 58(2), November 2002 (1007 artikels). Die tydskrif is nie geakkrediteer nie, maar bo en behalwe die kort, informele artikels wat nie noodwendig wetenskaplik nagevors is nie en dikwels slegs optekeninge van volkskundige aard is, is daar ook 'n groot aantal deeglik nagevorsde artikels met uiters waardevolle en bruikbare inligting. Die tydskrif is gestaak.

PUBLIKASIES

Alana Bailey, die Uitvoerende Hoof van Kraal Uitgewers het vir ons laat weet dat hulle onlangs 'n nuwe reeks getiteld *Kraal Histories* bekendgestel het. Volgens Prof. Fransjohan Pretorius, die redakteur van die reeks, fokus hulle op die publikasie van uitnemende verhandelinge en proefskrifte wat lig werp op interessante aspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die eerste boek in die reeks is *Nonnie de la Rey: Pionier van die Wes-Transvaal, 1856-1923*, 'n verwerking van die MA-verhandeling van 'n SAVK-lid, Zelda Rowan. Nonnie, 'n dapper persoon wat in eie reg erkenning verdien, se biografie lees soos 'n avontuurverhaal. Sy word nie net as die vrou van genl. Koos de la Rey onthou nie, maar ook vir haar swerftogte gedurende die Anglo-Boereoorlog asook haar poging om haar kinders uit die Britse magte se hande te hou. Besoek gerus www.kraaluitgewers.co.za vir meer inligting oor *Nonnie: 'n Pioniersdogter uit die Wes-Transvaal* (R220, posgeld uitgesluit), asook komende publikasies in dié reeks.



KONFERENSIES/FUTURE CONFERENCES

13-15 September 2017: International society for History Didactics (ISHD) conference
 “History from the core to zero gravity” Venue: Riverside Sun, Vanderbijlpark

23-24 November 2017: The 3rd ANNUAL Regional History Conference “Rethinking
 Colonialism in South Africa” Venue: Stonehaven on Vaal

**25-26 Mei 2018: Die datum vir ons volgende SAVK kongres in Pelgrimsrus. Die tema
 is: Lotstye van die mens.**

DANKBETUIGINGS/REWARDS


Our Managing Director of the Voortrekker Monument in Pretoria, Cecilia Kruger, has been elected as a member of the *Raad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* and will be allied to the Art and Humanities Faculties as well as the working community in Pretoria. Membership is obtained by being suggested and elected according to a strict prescribed procedure. We are proud of her and wish her the best.

INLIGTING/INFORMATION

Lede word aangemoedig om as kultuurhistorici by die SAVK te akkrediteer. Vorms is beskikbaar by dr Anton van Vollenhoven by antonv@archaetnos.co.za. Verder wil ons u herinner aan die lidmaatskapshernuwings vir 2017. Die vorm is in die agterblad van die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*. Indien u, u betaling gedoen het, e-pos asseblief 'n skandering van u vorm asook van die bewys van betaling aan Celeste Rossouw by celrossouw@gmail.com.

Ons soek altyd nuus van die museums en bewaringsorganisasies, en nuus van ons lede. Foto's is natuurlik welkom. Daar word 'n beroep op lede gedoen om inligting en foto's, personalia/uitnemende werk m.b.t. Kultuurgeskiedenis/museums en erfenissake vir ons volgende Sonnerad (Junie 2017) aan Claudia Gouws Claudia.Gouws@nwu.ac.za of claudiagws@mweb.co.za te stuur.

Hierdie uitgawe van die Sonnerad is saamgestel en versorg deur Claudia Gouws

<p>Die Sekretaris SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis Posbus 11403 Hatfield 0028, RSA petra@es.org.za</p>	 The coat of arms features a central shield with a sunburst design, topped by a crown and flanked by two figures. A banner at the bottom contains the Latin motto "SOCIETAS ET LIBERATIO".	<p>The Secretary SA Society for Cultural History PO Box 11403 Hatfield 0028, RSA petra@es.org.za</p>
---	---	---